# Nuusbrief / News Letter
# Mei / May 2021



Goeiedag!

Die nuusbrief is weer terug. Louise Stevens en Linda Korsten sal dit behartig. Ons gaan poog om julle op die hoogte van sake te hou en ook om allerhande interressante nuus te bring.

Eerstens: Ons wil graag die nuwe komitee gelukwens en verwelkom en ook aan julle voorstel:

| | |
|---|---|
| Gerrie Germishuizen : | Voorsitter |
| Reinet v Huyssteen: | Finansies, Grondwet en Sekuriteit |
| Leon Neveling: | Boukomitee |
| Louise Stevens: | Sekuriteit & Nuusbrief |
| Arno Lombard: | Sekuriteit |
| Amanda Kruger: | Terreinopsigter en Boukomitee |
| Pieter Myburgh: | Hersiening van die Grondwet |

Sterkte aan julle! Ek is seker dat almal bankvas agter julle staan.

Ons is baie opgewonde oor die feit dat Blue Ridge heelwat meer permanente inwoners het. Ons word nou ‘n dorpie op sy eie. Die syfers lyk soos volg:

23 Permanente eienaars
8 Huise wat verhuur word
6 Vakansie en naweekhuise
7 huise wat tans in aanbou is.

Dus is ons ou plekkie al amper 50% vol. Wat ‘n voorreg om hier te mag woon.

Ons wil vra dat almal ASB by die spoedgrens van 20 kpu hou, aangesien hier allerhande diertjies is wat rondloop. Laat weet ook asseblief julle gaste wat kom kuier.

Good day!

Our news letter is up and running again. Louise Stevens and Linda Korsten will be handling it. We are going to try and keep you up to date and bring you interesting news about Blue Ridge.

Firstly we would like to congratulate the new committee and introduce them to you:

| | |
|---|---|
| Gerrie Germishuizen: | Chairman |
| Reinet v Huyssteen: | Finance, Security and Constitution |
| Leon Neveling: | Building Committee |
| Louise Stevens: | Security & News Letter |
| Arno Lombard: | Security |
| Amanda Kruger: | Site Supervisor & Building Committee |
| Pieter Myburgh: | Revision of the Constitution |

Good luck to you all! We stand firmly behind you!

We are very excited about the fact that Blue Ridge is becoming a sought after estate and that our numbers are growing. It is as follow:

23 Permanent owners
8 Houses are leased
6 Holiday and weekend houses
7 Houses that’s being built at the moment.

That is almost 50% of the capacity. It is such a privilege to live in Blue Ridge.

We would like to remind everybody about the 20 kph speed limit. Also, please remind your visitors about it.



Ons wil ook graag almal bewus maak van die POPI wet oor privaatheid. As jy 'n sekuriteitsisteem met kameras installeer, mag die kameras glad nie op ander mense se privaatheid inbreuk maak nie. Dit mag selfs ook nie in die straat wys nie. Net jou eie private huis en tuin mag in jou sig wees.

Ons gaan nog 'n groepie op Whatsapp begin wat net gebruik gaan word om probleme (soos bv waterlekke of elektriese onderbrekings) aan almal oor die dra. Ons gaan julle almal se toestemming nodig kry om julle name op die groepie te sit. Ons gaan ook vra dat daar nie gesels word oor ditjies en datjies nie, en dat dit net gebruik word vir probleme. Ook geen emoji's nie. As jy wil gesels, gebruik gerus die BLUE RIDGE INFO groep. Ons sal later weer hieroor kommunikeer.



<u>Dames 'koffie-koek-klets':</u>
Ons het 'n paar jaar gelede,1 keer 'n maand, 'n Blue Ridge Dames 'koffie-koek-klets' oggende gehad om mekaar beter te leer ken en ook om sommer net lekker te gesels. Ons dink dis 'n goeie idee om hierdie oggende weer te begin. Ons eerste bymekaarkoms sal op Woensdag 1 Junie 2021 wees in die Blue Ridge gebou by die hek. Meer besonderhede sal volgende week deurgestuur word.

We would like to make everybody aware of the POPI Law about privacy. If you have an alarm system with cameras, please make sure that the cameras don't intrude any of the neighbours' houses or to the streets. The cameras may only point to your house and garden.

We are going to start another Whatsapp group that will only be used for problems with water and electricity etc. We'll need everyone's permission to put your name and telephone number on it. This is not going to be a chat group, but an info group. The group 'Blue Ridge Info' is there to show photo's and chat. We will communicate info about the new group to you at a later stage.




<u>Ladies 'coffee, cake chatter':</u>
A few years ago, we, had a Blue Ridge Ladies 'coffee, cake and chatter' morning every month. This was to talk and laugh and to get to know each other better. We think it's a great idea to start this again.
Our first 'get together' will be on Wednesday, 1 June 2021. It will be held in the Blue Ridge building next to the gate. We will send you more detail next week.



Hersiening van die Grondwet

Gedurende die 2021 AJV is daar besluit om die Grondwet te hersien. Die nuutverkose komitee het 'n sub-komitee aangestel om die hersiening en vernuwing van die grondwet te bestuur. Die vernuwing het die volgende ten doen:

1. Om die bewoording en mening van die klousules duideliker en meer omskrywend te maak.
2. Die gedelegeerde magte en regte van die komitee duideliker en meer omvattend te omskryf;
3. Groter duidelikheid rondom die doelstellings en verwagtinge van Blue Ridge, ons beeld en inskakeling in die groter prentjie van Danabaai, met sy natuurlike diversiteit en unieke natuurlewe; en
4. Om ook in lyn te wees met hedendaagse tendense, realiteite, verwagtinge en om aan alle wetgewing en munisipale ordinansies te voldoen.

Die sub-komitee bestaan uit twee komiteelede, naamlike Pieter Myburgh en Reinet van Huyssteen, asook Arrie van Huyssteen as 'n gekoöpteerde lid. Die komitee is ook van plan om nog lede te koöpteer, verkieslik met regsagtergrond, om die komitee by die staan met raad en wysheid.
Die oorspronklike idee om die Grondwet deur 'n regskundige persoon te laat hersien, is finansieël net nie bekostigbaar nie.

Die sub-komitee sal binnekort uitreik na al die eienaars met 'n voorlegging hoe die proses sal verloop vir eienaars se insae en nodige kommentaar. Om die proses spoedig en suksesvol te kan afhandel, is dit belangrik dat eienaars aktief moet deelneem aan die konsep formulering en finale goedkeuring van die veranderinge in die grondwet om die proses so inklusief moonlik te maak.
As jy enige insette wil lewer oor die Grondwet, is jy welkom om dit na Pieter Myburgh te stuur by pwmyburgh@gmail.com

Daar het julle dit!  Tot volgende keer.

Linda





Changes to the Constitutiion

As tasked by the 2021 AGM, the Committee has put together a sub-committee to drive the project to relook and refresh the Blue Ridge Constitution to achieve four main objectives:

1. to clarify the wording of clauses that are open for different interpretations;
2. to give much clearer directions as to the delegated powers of the Committee;
3. to clarify clearly what the HOA wants the look and feel and 'brand' of Blue Ridge to be; and
4. to be more in sync with current reality – the new normal.

The sub-committee consists of two committee members being Pieter Myburgh and Reinet van Huyssteen as well as Arrie van Huyssteen as a co-opted member. The sub-committee will try to get at least one more member with hopefully a legal background co-opted, onto the team. One of the initial ideas was to appoint a legal expert to drive the entire process, but that will cost a lot of money and no one is prepared to give us a fixed cost which will mean the project will run with an 'open cheque book' at around R1400 per hour.

We will reach out to all members shortly with a proposed process to be followed for comment and input. For this project to be concluded quickly and successfully, it will be very important for all members to participate actively in both the drafting phases and the final approval phase to make the Constitution as inclusive as possible.
If you would like to give input, You are welcome to contact Pieter Myburgh (pwmyburgh@gmail.com

Until next time – Bye for now!

Linda